



Mev. Angie Motshekga,  
Minister van Basiese  
Onderwys



Mnr. Enver Surty,  
Adjunkminister van  
Basiese Onderwys

Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.

Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys wat daarop gemik is om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie, en is deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie moontlik gemaak. Aldus is die Departement in staat gestel om die boeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind, en dat dit u sal help om seker te maak dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die werkboeke is voorsien van ikone wat aandui wat die leerders te doen staan.

Ons hoop ook dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle gaan geniet. Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.

ISBN 978-1-4315-0170-0



9 781431 501700



**WISKUNDE IN  
AFRIKAANS  
GRAAD 5 – BOEK 2  
KWARTALE 3 & 4  
ISBN 978-1-4315-0170-0  
HIERDIE BOEK MAG NIE  
VERKOOP WORD NIE.**



Gepubliseer deur die Departement van Basiese Onderwys  
222 Struben Street  
Pretoria  
Suid-Afrika

© Departement van Basiese Onderwys  
Vyfde uitgawe 2015


Skrywer span: Blom, L., Aitchison J.J.W.



Die Departement van Basiese Onderwys het alles moontlik gedoen om kopiereghouers op te spoor, maar indien enigiets per ongeluk oor die hoof gesien is, sal die Departement met die eerste geleentheid graag die nodige regstellings maak.

WISKUNDE in AFRIKAANS – Graad 5 Boek 2

ISBN 978-1-4315-0170-0



Graad **5**

**WISKUNDE IN  
AFRIKAANS**

Boek 2  
Kwartaal  
3 & 4

Naam: \_\_\_\_\_  
Klas: \_\_\_\_\_



**basic education**  
Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Inhoud

No.	Onderwerp	Bladsy
65	Beskrywing en ordening van breuke	2
66	Ekwivalente breuke	4
67	Nog ekwivalente breuke	6
68	Nog meer ekwivalente breuke	8
69	Optelling en aftrekking van breuke	10
70	Optelling van gemengde getalle	12
71	Optel en aftrek van gemengde getalle	14
72	Breuke en heelgetalle	16
73	Probleme met breuke	18
74a	Meting en rekordering van massa	20
74b	Meting en rekordering van massa (vervolg)	22
75	Massa – omskakeling van meeteenhede	24
76	Massa	26
77	Ons gebruik breuke	28
78	Probleme doen meet	30
79	Getalle 0 - 50 000	32
80	Ons rond af	34
81a	Alles oor heelgetalle	36
81b	Alles oor heelgetalle (vervolg)	38
82a	Optelling en aftrekking	40
82b	Optelling en aftrekking (vervolg)	42
83	Los geldprobleme met 'n begroting op	44
84	Gebruik die vertikale kolom-metode vir optel	46
85	Gebruik die vertikale kolom-metode om af te trek	48
86	Aansigte	50
87	Nog aansigte	52
88	Veelhoek (Poligone)	54
89a	Regte hoeke	56
89b	Nog regte hoeke	58
90	Tesselasie	60
91	Refleksie	62
92	Rotasie	64
93	Verplasing	66
94	Temperatuur en die weer	68
95	Ons meet temperatuur	70
96	Data en piktogramme	72
97a	Piktogramme en staafgrafieke	74
97b	Piktogramme en staafgrafieke (vervolg)	76
97c	Piktogramme en staafgrafieke (vervolg)	78
98	Versamel data	80
99	Sirkeldiagramme	82
100	Modus van ongegroepeerde numeriese dataversameling	84
101	Getalpatrone	86
102	Nog getalpatrone	88
103a	Vermenigvuldiging: 3-syferheelgetalle met 2-syferheelgetalle en 4-syferheelgetalle met 1-syferheelgetalle	90
103b	Vermenigvuldiging: 3-syferheelgetalle met 2-syferheelgetalle en 4-syferheelgetalle met 1-syferheelgetalle (vervolg)	92
104	Nog vermenigvuldiging: 3-syferheelgetalle met 2-syferheelgetalle, en 4-syferheelgetalle met 1-syferheelgetalle	94


105	Getalle 0 - 100 000	96
106a	Optelling: 5-syferheelgetalle	98
106b	Optelling: 5-syferheelgetalle (vervolg)	100
107	Aftrekking: 5-syferheelgetalle	102
108	Aftrekking met die vertikale kolom-metode	104
109	Optelling en aftrekking	106
110	Los koop- en -verkoopprobleme op	108
111a	Identifiseer en benoem 3-D voorwerpe	110
111b	Identifiseer en benoem 3-D voorwerpe (vervolg)	112
111c	Identifiseer en benoem 3-D voorwerpe (vervolg)	114
112	Ordening en vergelyking van gewone breuke	116
113a	Optel en aftrek van gewone breuke	118
113b	Optel en aftrek van gewone breuke (vervolg)	120
114a	Breuke van heelgetalle	122
114b	Breuke van heelgetalle (vervolg)	124
115	Breukprobleme	126
116	Nog breukprobleme	128
117	Nog meer breukprobleme	130
118	Optel en aftrek van gemengde getalle	132
119a	Groeping en verdeling	134
119b	Groeping en verdeling (vervolg)	136
120	Woorde vir deling	138
121	Deling en reste	140
122	Deling	142
123	Deling: 3-syferheelgetalle deur 2-syferheelgetalle	144
124	Faktore	146
125	Nog faktore	148
126a	Deling: probleemoplossing	150
126b	Deling: probleemoplossing (vervolg)	152
127	Omtrek, lengte en breedte	154
128	Vierkante eenhede	156
129	Oppervlakte en omtrek	158
130	Volume	160
131	Nag oor volume	162
132	Meer oor volume	164
133	Kaartwerk	166
134	Posisie en rigting: volg rigting	168
135	Tesselasie	170
136	Verplasing en tesselasies	172
137	Refleksies en tesselasies	174
138	Gly-refleksie	176
139	Rotasies en tesselasies	178
140	Meetkundige patrone	180
141a	Nag meetkundige patrone	182
141b	Nog meer meetkundige patrone	184
142	Eienskappe van getalle	186
143a	Basiese bewerkings	188
143b	Basiese bewerkings (vervolg)	190
144	Waarskynlikheid	192



## X Vermenigvuldigingstafel

$2 \times 2 = 4$

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
2	4	6	8	10	12	14	16	18	20
3	6	9	12	15	18	21	24	27	30
4	8	12	16	20	24	28	32	36	40
5	10	15	20	25	30	35	40	45	50
6	12	18	24	30	36	42	48	54	60
7	14	21	28	35	42	49	56	63	70
8	16	24	32	40	48	56	64	72	80
9	18	27	36	45	54	63	72	81	90
10	20	30	40	50	60	70	80	90	100



Graad **5**

W i s k u n d e

DEEL  
**3**

**WERKBLAAIE**  
**65 tot 144**

*Naam:*

**AFRIKAANS**  
Boek  
**2**




- Hoeveel getalle is tussen die gegewe getalle gemerk?
- Hoe ver is die ongenommerde lyn van die volgende getal af?


Wat lei jy uit die breukestrook af?



1 heel



1. Gebruik die getallelyne om die vrae te beantwoord.



- Wat wys die interval merkies tussen 0 en 1 vir ons? \_\_\_\_\_
- Hoe het jy dit uitgewerk? \_\_\_\_\_
- Wat sal die interval net ná een wees? \_\_\_\_\_



- Wat wys die interval merkies tussen 1 en 2 vir ons? \_\_\_\_\_
- Hoe het jy dit uitgewerk? \_\_\_\_\_
- Wat sal die interval net ná twee wees? \_\_\_\_\_




- Wat wys die interval merkies tussen 3 en 4 vir ons? \_\_\_\_\_
- Hoe het jy dit uitgewerk? \_\_\_\_\_
- Wat sal die interval net ná vier wees? \_\_\_\_\_

**2. Watter breukdeel van elk van die prentjies hier onder is ingekleur?**

a.





b.




c.





d.




**3. Watter breukdeel word deur die pyltjie aangedui?**


a.





b.




c.




d.




**4. Toon die volgende op die getallelyne.**

a. Een en 'n half



b. Twee en 'n kwart



c. Drie en een agtste



d. Twee en een vyfde




**Probleemoplossing**

As 5 kinders 35 lekkers deel, hoeveel lekkers sal elke kind kry? Watter breukdeel van die lekkers kry elke kind?

Tekens:


Datum:

Kyk na die breuke en die somme. Gesels daaroor.




Halwes

$$1 \div 2 = \frac{1}{2}$$



Kwarte

$$1 \div 4 = \frac{1}{4}$$



Agtstes

$$1 \div 8 = \frac{1}{8}$$

1. Skryf 'n ekwivalente breuk vir die volgende neer:

a.  $\frac{1}{2} = \frac{2}{4}$

b.  $\frac{3}{4} = \frac{\quad}{\quad}$

c.  $\frac{4}{8} = \frac{\quad}{\quad}$

d.  $\frac{2}{4} = \frac{\quad}{\quad}$

e.  $\frac{2}{2} = \frac{\quad}{\quad}$

f.  $\frac{6}{8} = \frac{\quad}{\quad}$

2. Vul  $<$ ,  $>$  of  $=$  in.

a.  $\frac{1}{2} \square > \frac{1}{4}$

b.  $\frac{1}{2} \square \frac{2}{8}$

c.  $\frac{1}{4} \square \frac{3}{8}$

d.  $\frac{1}{2} \square \frac{2}{4}$

e.  $\frac{2}{4} \square \frac{1}{8}$

f.  $\frac{5}{8} \square \frac{2}{4}$

g.  $\frac{2}{4} \square \frac{6}{8}$

h.  $\frac{1}{4} \square \frac{4}{8}$

i.  $\frac{4}{8} \square \frac{1}{2}$

j.  $\frac{1}{2} \square \frac{3}{4}$

k.  $\frac{1}{2} \square \frac{1}{8}$

l.  $\frac{5}{8} \square \frac{1}{2}$

m.  $\frac{1}{2} \square \frac{8}{8}$

n.  $\frac{4}{4} \square \frac{7}{8}$

o.  $\frac{1}{2} \square \frac{7}{8}$

### 3. Voltooi die volgende:

a. Een hele =  $\frac{1}{2}$  +

d. Een hele =  $\frac{3}{4}$  +

b. Een hele =  $\frac{2}{4}$  +

e. Een hele =  $\frac{3}{8}$  +

c. Een hele =  $\frac{4}{8}$  +

f. Een hele =  $\frac{2}{8}$  +

### 4. Teken 'n prentjie vir die volgende:

a Jabu het 2 kwarte van 'n sjokolade gehad en William het 5 agtstes van dieselfde soort sjokolade gehad. Wie het die meeste sjokolade gehad?

b Ben het  $\frac{1}{4}$  van 'n koeldrank gehad, en toe nog 'n kwart. Sam het 'n kwart van dieselfde soort koeldrank gehad. Wat merk jy op?

#### Breuke waar jy kyk ...

Verdeel enige voorwerp in agtstes.



Wys 'n kwart van die voorwerp.



Wys een helfte van die voorwerp.




Tekens:

Datum:


Kyk na die breuke en die somme. Gesels daaroor.

$$1 \div 2 = \frac{1}{2}$$




Halwes

$$1 \div 3 = \frac{1}{3}$$




Derdes

$$1 \div 6 = \frac{1}{6}$$



Sesdes

$$1 \div 12 = \frac{1}{12}$$



Twaalfdes

1. Gebruik die diagramme hierbo om 'n ekwivalente breuk vir die volgende te skryf:

a.  $\frac{1}{2} = \square$

b.  $\frac{1}{3} = \square$

c.  $\frac{1}{6} = \square$

d.  $\frac{2}{3} = \square$

e.  $\frac{3}{6} = \square$

f.  $\frac{10}{12} = \square$

g.  $\frac{4}{6} = \square$

h.  $\frac{12}{12} = \square$

i.  $\frac{6}{12} = \square$

2. Vul  $<$ ,  $>$  of  $=$  in.

a.  $\frac{6}{12} \square \frac{2}{3}$

b.  $\frac{1}{2} \square \frac{2}{6}$

c.  $\frac{9}{12} \square \frac{1}{2}$

d.  $\frac{1}{2} \square \frac{4}{6}$

e.  $\frac{2}{6} \square \frac{3}{12}$

f.  $\frac{7}{12} \square \frac{2}{3}$

g.  $\frac{11}{12} \square \frac{6}{6}$

h.  $\frac{1}{12} \square \frac{4}{6}$

i.  $\frac{2}{3} \square \frac{1}{2}$

j.  $\frac{1}{2} \square \frac{5}{6}$

k.  $\frac{11}{12} \square \frac{2}{3}$

l.  $\frac{10}{12} \square \frac{2}{3}$

m.  $\frac{1}{2} \square \frac{1}{3}$

n.  $\frac{10}{12} \square \frac{1}{6}$

o.  $\frac{1}{3} \square \frac{5}{12}$

### 3. Voltooi die volgende:

a. Een hele =  $\frac{1}{2}$  +

d. Een hele =  $\frac{1}{3}$  +

b. Een hele =  $\frac{3}{6}$  +


e. Een hele =  $\frac{5}{6}$  +

c. Een hele =  $\frac{6}{12}$  +


f. Een hele =  $\frac{5}{12}$  +

### 4. Skryf 'n woordprobleem vir elkeen.


a.




b.



c.



d.



### Probleme oor breuke

Suraya het 12 samoesas gemaak.

Twee sesdes van die samoesas is gevul met hoender.

Hoeveel hoendersamoesas het Suraya gemaak?




Maak 'n tekening om jou te help om die probleem op te los.




Tekens:

Datum:


Prat oor die geel seshoek en die breuke.



1. Beantwoord die volgende vrae. Gebruik twee geel heksagone (seshoek) as 'n hele.



a. Watter deel van die hele is die geel heksagoon?




b. Watter deel van die hele is die rooi trapesium?




c. Watter deel van die hele is die blou rombus (ruit)?





d. Watter deel van die hele is die groen driehoek?






2. Voltooi die volgende:

a. Hoeveel groen driehoeke  is daar in een blou rombus  ?


b. Hoeveel groen driehoeke  is daar in een rooi trapesium  ?


c. Hoeveel groen driehoeke  is daar in een geel heksagoon  ?


d. Hoeveel blauwe rombusse  is daar in een geel heksagoon  ?


e. Hoeveel rooi trapesiums  is daar in een geel heksagoon  ?


**3. Voltooi die volgende deur vorms te teken.**



 =  +



 =  + 


 =  +


 =  +


 =  +

 =  + 

 =  + 


 =  +

 =  +

 =  + 

**Ek maak my eie somme**


Gebruik die vorms aan die linkerkant en maak vyf van jou eie breuksomme.



Tekens:

Datum:

Kyk na die diagramme. Kan jy 'n optelsom maak?



1. Bereken die volgende. Gebruik die diagram om jou te help.

a. =  $\frac{1}{3}$  +

b. =  $\frac{1}{4}$  +  +

c. =  $\frac{1}{5}$  +  +  +

d. =  $\frac{1}{6}$  +  +


e. =  $\frac{1}{8}$  +  +  +

f. =  $\frac{1}{9}$  +  +  +

g. =  $\frac{1}{10}$  +  +  +

h. =  $\frac{1}{12}$  +  +  +  +

2. Gebruik die diagram om die somme te voltooi.



a.  $\frac{1}{4} + \frac{2}{4} = \square$

b.  $\frac{6}{10} + \frac{2}{10} = \square$

c.  $\frac{7}{8} - \frac{3}{8} = \square$

d.  $\frac{9}{12} - \frac{7}{12} = \square$

e.  $\frac{4}{7} - \frac{3}{7} = \square$

f.  $\frac{5}{11} + \frac{4}{11} = \square$

g.  $\frac{8}{10} - \frac{6}{10} = \square$

h.  $\frac{3}{6} + \frac{1}{6} = \square$

i.  $\frac{1}{3} + \frac{1}{3} = \square$

j.  $\frac{3}{12} + \frac{8}{12} = \square$

k.  $\frac{11}{12} - \frac{8}{12} = \square$


l.  $\frac{6}{11} + \frac{3}{11} = \square$

3. By die partytjie het ek  $\frac{2}{12}$  van 'n pizza geëet, my maat het  $\frac{1}{12}$  en my ouboet het  $\frac{4}{12}$  van dieselfde pizza gehad. Hoeveel pizza het ons altesaam geëet? Wys hoe jy die antwoord gekry het. Gebruik 'n ekstra vel papier.



Somme met breuke

Kleur elke breukestrook met verskillende kleure in. Vra 'n vriend om die breuke neer te skryf wat elke kleur in die breukestrook verteenwoordig. Ons het die eerste een vir jou ingekleur.






Tekens:

Datum:

Ons noem hierdie getalle gemengde getalle.

Wat vertel elke prentjie vir jou?






Dink mooi oor die volgende twee.



1. Skryf dit as gemengde getalle:

<p>a.</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; display: inline-block;"> <math>1 \frac{4}{5}</math> </div>	<p>b.</p> <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 50px; margin-left: 20px;"></div>
<p>c.</p> <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 50px; margin-left: 20px;"></div>	<p>d.</p> <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 50px; margin-left: 20px;"></div>
<p>e.</p> <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 50px; margin-left: 20px;"></div>	<p>f.</p> <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 50px; margin-left: 20px;"></div>
<p>g.</p> <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 50px; margin-left: 20px;"></div>	<p>h.</p> <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 50px; margin-left: 20px;"></div>
<p>i.</p> <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 50px; margin-left: 20px;"></div>	<p>j.</p> <div style="border: 1px solid black; width: 100px; height: 50px; margin-left: 20px;"></div>

## 2. Bereken die volgende:

a. 	$1\frac{3}{5} + \frac{1}{5} = 1\frac{4}{5}$
b. 	$1\frac{5}{8} + \frac{2}{8} =$
c. 	$1\frac{3}{6} + \frac{1}{6} =$
d. 	$1\frac{2}{4} + \frac{1}{4} =$
e. 	$1\frac{3}{9} + \frac{4}{9} =$
f. 	$1\frac{2}{12} + \frac{6}{12} =$
g. 	$1\frac{2}{12} + \frac{4}{12} =$
h. 	$2\frac{3}{8} + \frac{1}{8} =$
i. 	$3\frac{2}{6} + \frac{3}{6} =$
j. 	$3\frac{2}{8} + \frac{4}{8} =$

### Wat beteken dit?

Maak tekeninge om die volgende te wys:

$1\frac{1}{2}$  glase water

$3\frac{1}{2}$  borde kos

$1\frac{3}{4}$  koeke


Tekens:

Datum:

Kyk na die somme en die diagramme. Verduidelik dit in jou eie woorde.

Stap 1

$$2\frac{3}{5} + 3\frac{4}{5}$$




Stap 2

$$= 5\frac{7}{5}$$




Stap 3

$$5 + \frac{5}{5} + \frac{2}{5}$$



Stap 4

$$= 6\frac{2}{5}$$



1. Voltooi die volgende optelsomme.

a.  $\frac{3}{4} + \frac{1}{4} =$

b.  $\frac{2}{5} + \frac{1}{5} =$

c.  $\frac{4}{7} + \frac{1}{7} =$




d.  $2\frac{3}{8} + \frac{3}{8} =$

e.  $1\frac{2}{4} + \frac{1}{4} =$

f.  $4\frac{1}{8} + \frac{4}{8} =$




2. Voltooi die volgende aftreksomme.

a.  $\frac{3}{4} - \frac{1}{4} =$

b.  $\frac{2}{5} - \frac{1}{5} =$

c.  $\frac{4}{7} - \frac{1}{7} =$

d.  $2\frac{3}{8} - \frac{3}{8}$

e.  $1\frac{2}{4} - \frac{1}{4}$

f.  $3\frac{7}{8} - \frac{4}{8}$

**3. Voltooi die volgende somme en onthou om jou berekeninge te wys.**

a.  $1\frac{3}{4} + \frac{1}{4} =$

b.  $3\frac{2}{5} + \frac{1}{5} =$

c.  $5\frac{4}{7} + \frac{1}{7} =$

d.  $2\frac{3}{8} + 4\frac{3}{8} =$

e.  $2\frac{2}{4} - 1\frac{1}{4} =$

f.  $4\frac{1}{8} + 4\frac{4}{8} =$

g.  $7\frac{3}{8} - 2\frac{3}{8} =$

h.  $9\frac{2}{4} + 1\frac{1}{4} =$

i.  $3\frac{1}{8} - 3\frac{4}{8} =$

**4. Werk die volgende probleme uit.**

a. Pappa bring  $5\frac{3}{8}$  sjokolade van die werk af. As Mamma  $2\frac{1}{8}$  eet, hoeveel is daar vir my oor?

b. Johan koop 3 koeke. Hy en sy vriende eet  $2\frac{1}{8}$ . Hoeveel is daar oor?

c. Sipho het 6 lemoene. Sy familie eet  $2\frac{1}{6}$ . Hoeveel is oor?

a.

b.

c.

**Probleemoplossing**


Penelope geniet dit om te lees. Sy het  $\frac{3}{4}$  bladsye van haar 120 bladsy boek gelees. Hoeveel bladsye moet sy nog lees?

Tekens:

Datum:


Bespreek die volgende:

Verdeel 12 lekkers tussen 3 leerders.



- Watter breukdeel kry elkeen?  $\frac{1}{3}$
- Hoeveel lekkers kry elke leerder?

Verdeel 12 lekkers tussen 4 leerders.



- Watter breukdeel kry elkeen?  $\frac{1}{4}$
- Hoeveel lekkers kry elke leerder?

### 1. Skryf 'n breukgetaltesin vir elkeen.

#### Voorbeeld 1:

- As ons 12 **lekkers** tussen 3 leerders verdeel, kry elkeen 4 lekkers.
- Dit beteken dat elke leerder  $\frac{1}{3}$  kry.
- $\frac{1}{3}$  van 12 lekkers is gelyk aan 4.
- Ons skryf dit as 'n getaltesin:  
 $\frac{1}{3}$  van 12 = 4

#### Voorbeeld 2:

- As ons 12 **lekkers** tussen 4 leerders verdeel kry elkeen 3 lekkers.
- Dit beteken dat elke leerder  $\frac{1}{4}$  kry.
- $\frac{1}{4}$  van 12 lekkers is gelyk aan 3.
- Ons skryf dit as 'n getaltesin:  
 $\frac{1}{4}$  van 12 = 3

a. As ons 24 albasters tussen 3 kinders verdeel kry elkeen 8 albasters.

b. As ons 45 kaarte tussen 5 kinders verdeel kry elkeen 9 kaarte.

c. As ons 35 tellers tussen 7 kinders verdeel kry elkeen 5 tellers.

d. As ons 32 lekkers tussen 4 kinders verdeel kry elkeen 8 lekkers.


e. As ons 63 blokkies tussen 7 kinders verdeel kry elkeen 9 blokkies.

f. As ons 72 muntstukke tussen 6 kinders verdeel kry elkeen 12 muntstukke.


2. Los die volgende op. Maak 'n skets vir elkeen.

Voorbeeld:


$$\frac{1}{5} \text{ van } 15 = 3$$



$$\frac{1}{6} \text{ van } 12 = 2$$



$$\frac{1}{10} \text{ van } 50 = 5$$



a.  $\frac{1}{3}$  van 24 =

b.  $\frac{1}{11}$  van 44 =

c.  $\frac{1}{7}$  van 63 =




d.  $\frac{1}{4}$  van 40 =

e.  $\frac{1}{7}$  van 77 =

f.  $\frac{1}{4}$  van 48 =




g.  $\frac{1}{10}$  van 100 =

h.  $\frac{1}{6}$  van 24 =

i.  $\frac{1}{9}$  van 54 =




**Probleemoplossing**

My ma koop 'n sak met 144 Fizzers daarin. My broer en 11 van sy vriende deel die lekkers. Hoeveel lekkers kry elkeen? Watter breukdeel van die Fizzers kry elkeen?

Tekens:

Datum:



**1. Gebruik die prentjie hierbo om die vrae te beantwoord.**

- a. Watter breukdeel van die bome is liggroen?
- b. Watter breukdeel van die bome is donkergroen?
- c. Skryf 'n breuksom vir die bome.
- d. Die Departement van Bosbou het nog 'n donkergroen boom geplant. Watter breukdeel van die bome is nou donkergroen?  liggroen?
- e. Twee ligte groen bome is dood. Watter breukdeel van die bome is nou donkergroen?  liggroen?

**2. Gebruik die prentjie hierbo om die vrae te beantwoord.**

- a. Hoeveel groot houters is daar op die vragmotor?
- b. Elke houer is vol boksies.  
Hoeveel boksies is daar in die eerste houer?   
Hoeveel boksies is daar in die tweede houer?   
Skryf dit as 'n breukdeel van die tweede houer.
- c. Daar moet nog 6 boksies op die vragmotor gelaai word. Skryf dit as 'n breukdeel van al die boksies wat nou op die vragmotor is.

**3. Sommige van die mense doen hulle aërobie se oefeninge vroegoggend in die buitlug.**


- Hoeveel mense is besig om in die buitlug te oefen?
- Watter breukdeel van hulle dra blou sportklere?
- Watter breukdeel van hulle dra pers sportklere?
- Watter breukdeel van hulle dra groen sportklere?
- Skryf 'n breuksom vir die klere wat al die mense dra wanneer hulle oefen.

**4. Kyk na die gebou. Beantwoord die vrae.**

- Watter breukdeel van die gebou is geel?  pienk?   
oranje?  groen?
- Skryf 'n breuksom om die kleure van die gebou uit te druk.
- Watter breukdeel van die gebou het vensters?
- Watter breukdeel van die gebou het 'n deur?
- Voltooi die tabel hier onder:

Breuk	$\frac{1}{12}$	$\frac{2}{12}$	$\frac{3}{12}$	$\frac{4}{12}$	$\frac{5}{12}$	$\frac{6}{12}$	$\frac{7}{12}$	$\frac{8}{12}$	$\frac{9}{12}$	$\frac{10}{12}$
Vensters	4									

**My eie vrae**



Kyk na die prentjie van die trein. Kleur die waens in en skryf dan jou eie vraag oor breuke. Onthou om dit anders as die vrae in die werkkaart te maak.

Tekens:

Datum:

Wat sal jy met die volgende meetinstrumente weeg? Gee drie voorbeelde



1. Sal jy die volgende in gram of kilogram weeg?

a. 'n Hond

b. Suiker om 'n koek te bak

c. 'n Skuifspeld

d. Jou vriend

2. Gee drie voorbeelde van elk: iets wat

a. tussen 1 kg en 2 kg weeg




b. minder as 1 kg maar meer as 500 g weeg.




c. meer as 1,5 kg maar minder as 2 kg weeg





d. minder as 5 000 g maar meer as 2 kg weeg





e. tussen 2 500 g en 3 kg weeg.

3. Voltooi die intervale op dié twee 10 kg skale.



4. Voltooi die intervale op dié 10 kg skale. Hoeveel weeg die voorwerpe?



5. Bereken die totale massa van al die voorwerpe saam in Vraag 4.

Onthou om eers die gramme en daarna die kilogramme bymekaar te tel.

Teken:

Datum:




vervolg

6. Dui die volgende op die badkamerskaal aan.

a. 57 kg 500 g

b. 125 kg

c. 32,5 kg






7. Skryf die volgende soos dit op die skaal sal verskyn.

a. 75 kg 500 g

b. 125 kg

c. 146 kg 500 g






8. Dui die volgende op die badkamerskaal aan. Teken of plak 'n gepaste prentjie vir die massa wat aangedui word

a. 2 kg

b. 3 kg 500 g

c. 4 kg 750 g




9. Skryf die volgende soos dit op die skaal sal lyk.

a. 4 kg

b. 7 kg 500 g

c.  $3 \frac{1}{2}$  kg




10. Soek prentjies en plak dit in of skryf die name van vyf voorwerpe neer wat meer as 2 kg 500 g maar minder as 5 000 g weeg.



Teken:

Datum:

# Massa – omskakeling van meeteenhede



- Wat beteken die intervale van 0 tot 1? 1 tot 2? 8 tot 9?
- Kom ons tel: 100 g, 200 g, 300 g, 400 g, 500 g, 600 g, 700 g, 800 g, 900 g, 1 kg, 1 kg 100 g, 1 kg 200 g, 1 kg 300 g ...
- Ons sê daar is 1 000 gram in 1 kilogram.

1. Hoeveel weeg die voorwerpe? Skryf jou antwoord in:


- kilogram en
- gram

a.



- 
- 

b.



- 
- 

c.



- 
- 

d.



- 
-

## 2. Skryf die volgende in gram.

a.  $2 \text{ kg } 250 \text{ g} = 2\,250 \text{ g}$

b.  $3 \text{ kg } 500 \text{ g} =$

c.  $4 \text{ kg } 150 \text{ g} =$

d.  $1 \text{ kg } 200 \text{ g} =$

e.  $6 \text{ kg } 750 \text{ g} =$

f.  $8 \text{ kg } 950 \text{ g} =$

## 3. Skryf die volgende in kilogram en gram.

a.  $4\,150 \text{ g} = 4 \text{ kg } 150 \text{ g}$

b.  $6\,550 \text{ g} =$

c.  $7\,650 \text{ g} =$

d.  $5\,250 \text{ g} =$

e.  $9\,950 \text{ g} =$

f.  $8\,750 \text{ g} =$

4. My ma het  $2 \text{ kg } 250 \text{ g}$  vleis en  $1\,500 \text{ g}$  groente vir haar bredie gekoop. Hoeveel weeg die bestanddele vir die bredie? Gee jou antwoord in kilogram en gram.



### Weeg die hond

Vier vriende weeg hul honde. Wie se hond weeg dieselfde? Susan se hond weeg  $3\,500 \text{ g}$ , Mandla se hond weeg  $3 \text{ kg } 50 \text{ g}$ , Johan se hond weeg  $3 \text{ kg } 500 \text{ g}$  en Kevin se hond weeg  $3,5 \text{ kg}$ .

Teken:

Datum:

Watter meetinstrumente sal jy gebruik om massa te meet?



1. Kleur die blokkies in wat vir jou die totaal aan die linkerkant sal gee.

a.	1 kg	→	100 g	200 g	300 g	250 g	350 g	450 g	500 g	550 g
b.	3.5 kg	→	1 kg	500 g	250 g	125 g	100 g	1 kg	1 kg	25 g
c.	2.5 kg	→	2 kg	2 kg 500 g	1 kg	1 kg 500 g	500 g	1 kg	25 g	6 kg
d.	0.5 kg	→	1 kg	100 g	50 g	1.5 kg	200 g	1.5 kg	100 g	150 g
e.	1.5 kg	→	1 kg	100 g	100 g	100 g	100 g	50 g	50 g	1 kg

2. Ek skryf:

a. 1 kg 200 g as

b. 3 kg 500 g as

c. 2 kg 500 g as

d. 4 kg 500 g as

e. 1 kg 200 g as

f. 2 kg 300 g as

g. 7 kg 100 g as

h. 4 kg 750 g as

i. 3 kg 250 g as

j. 6 kg 125 g as

3. Skryf die volgende as kg en g:

a. 6,5 kg =

b. 7,5 kg =

c. 9,2 kg =

d. 8,4 kg =

e. 10,9 kg =

f. 5,3 kg =

g. 1,15 kg =

h. 4,25 kg =

i. 2,125 kg =

j. 3,172 kg =

4. 'n Groot sak hondekos weeg 9 kg. Johan het die eerste dag en die tweede dag elke keer 500 g gebruik. Hy het die res van die kos gelykop in 16 kleiner sakke verdeel. Wat is die massa van elkeen van die kleiner sakke?

Blank area for writing the answer to question 4.

Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig.

Gram- en kilogram pret ....


Maak rommel bymekaar. Soek items wat in gram en kilogram geweeg word.



Tekens:

Datum:

Hoeveel liter koeldrank is daar in elke houer?



1. Beantwoord die volgende vrae:

a. Hoeveel 500 ml is daar in 4 liter?

Kom ons tel in liter: 0,5 ℓ; 1 ℓ; 1,5 ℓ; 2 ℓ; 2,5 ℓ; 3 ℓ; 3,5 ℓ; 4 ℓ: ....

b. Hoeveel 500 ml is daar in 6,5 ℓ?

Kom ons tel in liter:

c. Hoeveel 500 ml is daar in 2 ℓ?

Kom ons tel in liter:

d. Hoeveel 500 ml is daar in 9,5 ℓ?

Kom ons tel in liter:

e. Hoeveel 500 ml is daar in 8 ℓ?

Kom ons tel in liter:

f. Hoeveel 500 ml is daar in 7,5 ℓ?

Kom ons tel in liter:

g. Hoeveel 500 ml is daar in 12,5 ℓ?

Kom ons tel in liter:

## 2. Beantwoord die volgende vrae:

a. Hoeveel 500 g is daar in 2 kilogram?

Kom ons tel in kilogram : 0,5 kg; 1 kg; 1,5 kg; 2 kg

b. Hoeveel 500 g is daar in 4,5 kg?

Kom ons tel in kilogram:

c. Hoeveel 500 g is daar in 5,5 kg?

Kom ons tel in kilogram:

d. Hoeveel 500 g is daar in 7,5 kg?

Kom ons tel in kilogram:

e. Hoeveel 500 g is daar in 9 kg?

Kom ons tel in kilogram:

f. Hoeveel 500 g is daar in 10,5 kg:

Kom ons tel in kilogram:

g. Hoeveel 500 g is daar in 14,5 kg?

Kom ons tel in kilogram:

### Breukesoektog ...

Help my om 'n desimale wurm met die sirkels te maak.




Tekens:

Datum:

## Getallelyn

Ek het op die eerste dag 2,5 km gedraf, op die tweede dag 1,5 km en op die derde dag 1 km. Hoe ver het ek in 3 dae gedraf?



1. Beantwoord die vrae en gebruik 'n getallelyn om jou antwoord neer te skryf.

**Jane het 4,5 kg koek tydens die eerste week gebak, 3 kg in die tweede week, 1,5 kg in die derde week en 5,5 kg in die vierde week.**

- Wat is die totale massa van al die koek wat sy in vier weke gebak het?
- Skryf die totale massa van al die koek wat gebak is in gram neer.
- Wat is die verskil tussen die massa van die koek wat in die eerste week gebak was en die massa van die koek wat in die vierde week gebak was?
- Wat is die verskil tussen die massa van die koek wat in die tweede week gebak was en die massa van die koek wat die derde week gebak was?
- Wat is die som van die massa van die koek wat in die eerste week gebak was en die massa van die koek wat in die vierde week gebak was?

2. Bestudeer die volgende skonresep en beantwoord dan die vrae. Maak 'n tekening of gebruik 'n getalrelyn om die oplossing te kry.

1,5 kg margarien  
 10 koppies meel  
 50 g bakpoeier  
 0,5 liter melk  
 0,5 kg suiker  
 5 eiers  
 5 doppies vanielje-ekstrak

- Indien ons een eier het, hoeveel gram margarien sal ons dan benodig?
- Indien ek een liter melk gebruik, hoeveel suiker sal ek dan benodig?
- Hoeveel liter melk sal 1,5 kg suiker benodig?
- Hoeveel margarien sal 20 koppies meel benodig?
- Wat is die helfte van 0,5 liter?

**Maak jou eie woordsomme**

Gebruik desimale getalle om jou eie woordsomme te maak.

**Massa**

	0,5 kg
1,5 kg	
	1,5 kg
2 500 g	

**Volume**

	2 500 ml
2,5 liter	
	0,5 liter
1,5 liter	

**Lengte**

	0,5 meter
10,5 meter	
	6,5 meter
8 meter	

Teken:

Datum:

My broer wil 'n tweede-handse kar koop.



Wat sal dit kos?



Dit kos R50 000.



Dis baie geld.



Hy het reeds R30 000 gespaar.



Dis nie sleg nie. Hy moet nog R20 000 spaar.



1. Gaan soek in 'n koerant na soveel getalle as moontlik wat groter as 20 000 is maar kleiner as 50 001. Plak hulle hier. Verduidelik wat hulle beteken.

2. Voltooi die volgende:

a.  $30\ 000 + 8\ 000 + 700 + 50 + 1 =$

b.  $3\ 000 + 20\ 000 + 8 + 500 + 40 =$

c.  $60 + 9 + 200 + 5\ 000 + 10\ 000 =$

d.  $40\ 000 + 3\ 000 + 6 =$

e.  $20\ 000 + 600 + 8 =$

3. Verander in elke getal die syfer 5 na 0. Wys die bewerking wat dit nul sal maak.

a.  $47\ 523 =$

b.  $28\ 325 =$

c.  $14\ 952 =$

d.  $35\ 040 =$

e.  $50\ 000 =$

4. Jou ma het 'n paar rekeninge om te betaal. Help haar om die vier blanko tjeks in te vul. Gebruik die bedrae in die geel aanhangsels.

**Koöperatiewe Bank** R 9 615  
 Datum \_\_\_\_\_

Betaal \_\_\_\_\_  
 Die bedrag van \_\_\_\_\_ R \_\_\_\_\_

Tjeknr. Takkode Rekeningnr  
 000243 010203 01234567

**Koöperatiewe Bank** R 18 989  
 Datum \_\_\_\_\_

Betaal \_\_\_\_\_  
 Die bedrag van \_\_\_\_\_ R \_\_\_\_\_

Tjeknr. Takkode Rekeningnr  
 000243 010203 01234567

**Koöperatiewe Bank** R 10 050  
 Datum \_\_\_\_\_

Betaal \_\_\_\_\_  
 Die bedrag van \_\_\_\_\_ R \_\_\_\_\_

Tjeknr. Takkode Rekeningnr  
 000243 010203 01234567

**Koöperatiewe Bank** R 21 009  
 Datum \_\_\_\_\_

Betaal \_\_\_\_\_  
 Die bedrag van \_\_\_\_\_ R \_\_\_\_\_

Tjeknr. Takkode Rekeningnr  
 000243 010203 01234567

5. Skryf in uitgebreide notasie. Gebruik die syfers om vyf verskillende 5-syferheelgetalle te maak wat kleiner as 50 000 maar groter as 20 000 is.

- a.
- b.
- c.
- d.
- e.



**Tydskrifte en koerante**

Soek items wat te koop is vir tussen R20 000 en R50 000.

Plak drie voorbeelde hier.



Tekens:

Datum:



## Wat sal jy eerder sê?



My ma gaan 'n sitkamerstel vir  
**R11 835**  
koop.

My ma gaan 'n sitkamerstel vir  
**R12 000**  
koop.



My broer gaan 'n platskerm-  
televisie vir  
**R10 250**  
koop.

My broer gaan 'n platskerm-  
televisie vir  
**R10 000** koop.



Die vragmotor het  
**14 772**  
aartappels  
vervoer.

Die vragmotor het  
**15 000**  
aartappels  
vervoer.

## 1. Tussen watter twee duisende is:

- |           |                                     |                                     |           |                      |                      |
|-----------|-------------------------------------|-------------------------------------|-----------|----------------------|----------------------|
| a. 14 789 | <input type="text" value="14 000"/> | <input type="text" value="15 000"/> | b. 13 472 | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| c. 12 234 | <input type="text"/>                | <input type="text"/>                | d. 15 893 | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| e. 17 578 | <input type="text"/>                | <input type="text"/>                | f. 16 178 | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| g. 11 943 | <input type="text"/>                | <input type="text"/>                | h. 18 389 | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| i. 10 178 | <input type="text"/>                | <input type="text"/>                |           |                      |                      |

## 2. Gee enige getal tussen:

- |                     |                      |
|---------------------|----------------------|
| a. 20 000 en 30 000 | <input type="text"/> |
| b. 30 000 en 40 000 | <input type="text"/> |
| c. 10 000 en 20 000 | <input type="text"/> |
| d. 40 000 en 50 000 | <input type="text"/> |

## 3. Gaan terug na die getalle wat jy by vraag 2 neergeskryf het. Onderstreep die getal wat die naaste aan jou antwoord is. Verduidelik:

20 000 en 30 000

4. Rond af tot die naaste 10. Omkring die syfer waarna jy kyk wanneer jy besluit of jy opwaarts of afwaarts tot die naaste 10 afrond. Voltooi die sinne.

- a. 44 321 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- b. 23 548 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- c. 16 648 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- d. 33 339 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- e. 49 999 is tussen  en  en sal afgerond word tot .

5. Rond af tot die naaste 100. Omkring die getal waarna jy kyk wanneer jy besluit of jy opwaarts of afwaarts tot die naaste 100 afrond. Voltooi die sinne.

- a. 13 548 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- b. 20 488 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- c. 34 078 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- d. 39 529 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- e. 29 956 is tussen  en  en sal afgerond word tot .

6. Rond af tot die naaste 1 000. Omkring die getal waarna jy kyk wanneer jy besluit of jy opwaarts of afwaarts tot die naaste 1000 afrond. Voltooi die sinne.

- a. 11 781 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- b. 18 945 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- c. 20 378 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- d. 31 069 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- e. 49 500 is tussen  en  en sal afgerond word tot .

### Help 'n maat



Jou maat verstaan nie afronding nie.  
Maak 'n skets van die afgeronde getalle hier onder.

14 894

28 234

46 434

Tekens:

Datum:

Kyk na die getalle en beantwoord die vrae.

Gee die getal in uitgebreide notasie.

Wat is die plekwaarde van die:

- 8?
- 7?
- 5?
- 3?
- 6?

- Tel drie getalle aan in 2s, 3s, 5e en 10e.
- Tel drie getalle terug in 2s, 3s, 5e en 10e.

- Tel drie getalle aan in 25s, 50s en 100e.
- Tel drie getalle terug in 25s, 50s en 100e.

1. Skryf die volgende in uitgebreide notasie.

a. 238 751

b. 443 006

c. 747 523

d. 235 040

2. Wat is die plekwaarde van die onderstreepte syfer?

a. 44 321

b. 233 339

c. 929 956




3. Tel drie getalle aan in 2s, 3s, 5e en 10e.

a. 11 781

b. 31 069

c. 96 434

2s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_  
 3s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_  
 5s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_  
 10s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_

2s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_  
 3s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_  
 5s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_  
 10s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_

2s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_  
 3s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_  
 5s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_  
 10s: \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_, \_\_\_\_\_

**4. Tel drie getalle terug in 2s, 3s, 5e en 10e.**

a. 46 703

b. 293 254

c. 136 846

2s: _____, _____, _____
3s: _____, _____, _____
5s: _____, _____, _____
10s: _____, _____, _____

2s: _____, _____, _____
3s: _____, _____, _____
5s: _____, _____, _____
10s: _____, _____, _____

2s: _____, _____, _____
3s: _____, _____, _____
5s: _____, _____, _____
10s: _____, _____, _____

**5. Tel drie getalle aan in 25s, 50s en 100e.**

a. 16 470

b. 790 235

c. 646 580

25s: _____, _____, _____
50s: _____, _____, _____
100s: _____, _____, _____

25s: _____, _____, _____
50s: _____, _____, _____
100s: _____, _____, _____

25s: _____, _____, _____
50s: _____, _____, _____
100s: _____, _____, _____

**6. Tel drie getalle terug in 25s, 50s en 100e (dalende orde).**

a. 384 755

b. 57 360

c. 825 090

25s: _____, _____, _____
50s: _____, _____, _____
100s: _____, _____, _____

25s: _____, _____, _____
50s: _____, _____, _____
100s: _____, _____, _____

25s: _____, _____, _____
50s: _____, _____, _____
100s: _____, _____, _____

**7. Skryf die volgende van die kleinste tot die grootste (stygende orde).**

a. 254 562, 254 526, 254 625, 254

b. 215 487, 215 784, 215 478, 215

**8. Skryf die volgende vanaf die grootste tot die kleinste (dalende orde).**

a. 734 588, 785 848, 754 625, 754 858

b. 84 257, 84 752, 84 275, 84 725

Teken:

Datum:

vervolg 

## 9. Kyk na die volgende 5-syferheelgetal

53 001	53 018
21 503	53 102
21 005	21 054

a. Identifiseer al die ewe getalle. b. Hoe weet jy dit is 'n ewe getal? c. Is nul 'n ewe getal? d. Identifiseer al die onewe getalle. e. Hoe weet jy dit is 'n onewe getal? 

## 10. Kyk na die volgende afgeronde getalle en getallelyne en beantwoord die vrae.

	Tot die naaste 10	Tot die naaste 100	Tot die naaste 1 000	Tot die naaste 10 000
65 435	65 440	65 400	65 000	70 000

65 435 afgerond tot die naaste 10 is 65 440

a. Waar kom die 65 430 en 65 440 op die getallelyn vandaan? b. Op watter getal is die blou kol? Hoekom? 

65 435 afgerond tot die naaste 100 is 65 400

c. Waarom wys die pyltjie in hierdie rigting? 

65 435 afgerond tot die naaste 1 000 is 65 000

d. Waarom wys die pyltjie in hierdie rigting?

65 435 afgerond tot die naaste 10 000 is 70 000



e. Waarom verskyn die 60 000 en 70 000 nou op die getallelyn?

### 11. Rond die volgende af tot die naaste 5.

a. 95 541

b. 25 387

c. 94 025

d. 19 976

e. 78 573

f. 93 254

g. 26 582

h. 53 899

i. 76 481

### Groot getalle met betekenis

Soek vyf 5-syferheelgetalle in 'n koerant of tydskrif. Wat beteken elkeen van heirdie getalle?

Wat sal gebeur as jy daardie getal uit die teks van die tydskrif of koerant uithaal?



Tekens:

Datum:

Wat is die verskil tussen die getalle? Tel aan.

10 000	20 000	30 000	40 000	50 000
6 700	16 700	26 700	36 700	46 700
33 500	34 500	35 500	36 500	37 500
5 666	15 666	25 666	35 666	45 666
9 999	10 099	10 199	10 299	10 399

Wat is die verskil tussen die getalle? Tel terug.

1. Watter getal kom volgende?

a. 12 000, 22 000, 32 000,

b. 14 500, 15 500, 16 500,

c. 16 666, 26 666, 36 666,

d. 19 620, 20 620, 21 620,

2. Voltooi die tabel: Tel by of trek van die gegewe getal af.

Getal	Plus 1 000	Minus 1 000	Plus 10 000	Minus 10 000
13 254				
18 654				
26 847				
34 518				
37 777				

## Voorbeelde:

### Voorbeeld 1:

$$\begin{aligned}36\ 864 + 9\ 654 \\&= 30\ 000 + 6\ 000 + 9\ 000 + 800 + 600 + 60 + 50 + 4 + 4 \\&= 30\ 000 + 15\ 000 + 1\ 400 + 110 + 8 \\&= 30\ 000 + 10\ 000 + 5\ 000 + 1\ 000 + 400 + 100 + 10 + 8 \\&= 40\ 000 + 6\ 000 + 500 + 10 + 8 \\&= 46\ 518\end{aligned}$$

### Voorbeeld 2:

$$\begin{array}{r}3\ 6\ 8\ 6\ 4 \\+ 9\ 6\ 5\ 4 \\ \hline 8 \\ 1\ 1\ 0 \\ 1\ 4\ 0\ 0 \\ 1\ 5\ 0\ 0\ 0 \\ + 3\ 0\ 0\ 0\ 0 \\ \hline 4\ 6\ 5\ 1\ 8\end{array} \quad \begin{array}{l}(4 + 4) \\(60 + 50) \\(800 + 600) \\(6\ 000 + 9\ 000) \\(30\ 000 + 0)\end{array}$$

### Toets jou antwoord.

$$\begin{array}{r}4\ 6\ 5\ 1\ 8 \\- 3\ 6\ 8\ 6\ 4 \\ \hline 4 \\ 5\ 0 \\ 6\ 0\ 0 \\ 9\ 0\ 0\ 0 \\ 0 \\ \hline 9\ 6\ 5\ 4\end{array} \quad \begin{array}{l}(8 - 4) \\(110 - 60) \\(1\ 400 - 800) \\(15\ 000 - 6\ 000) \\(30\ 000 - 30\ 000)\end{array}$$



vervolg

Teken:

Datum:

3. Gebruik albei metodes op die vorige bladsy om elkeen van die volgende te bereken. Skryf die stappe neer.

a.  $16\,478 + 12\,311 =$

b.  $21\,567 + 10\,235 =$

Blank lined area for working out the calculations for questions a and b.

Gaan voort op 'n los vel papier

c.  $32\,545 + 11\,297 =$

d.  $12\,748 + 13\,887 =$

Blank lined area for working out the calculations for questions c and d.

Gaan voort op 'n los vel papier

e.  $14\,678 + 16\,846 =$

f.  $27\,654 + 16\,956 =$

Blank lined area for working out the calculations for questions e and f.

Gaan voort op 'n los vel papier

**4. Werk die woordprobleme hieronder uit. Gebruik prentjies om jou antwoord te wys.**

a. Jacob het 3 090 jellieboontjies. Hy het 1 295 vir sy juffrou gegee en 277 het hy self geëet. Hoeveel jellieboontjies was daar oor?

Blank writing area with horizontal lines for solving problem a.

Gaan voort op 'n los vel papier

b. In 'n onlangse opname het 21 550 mense gesê hulle hou net van sjokoladeroomys en 24 550 het gesê hulle hou net van vanieljeroomys. Hoeveel mense het aan die opname deelgeneem?

Blank writing area with horizontal lines for solving problem b.

Gaan voort op 'n los vel papier

**Ek het my legkaartstukkies laat val.**

Wat nou?

Ek het my legkaartstukkies laat val. Help my om die gapings so te vul dat elke ry en kolom gelyk is aan 34. Jy mag elke getal slegs een keer gebruik.

16			
	10		
		7	
			1



Tekens:

Datum:

Kan jy onthou wat 'n begroting is? Gebruik hierdie woorde om dit te beskryf.



beplan

geld





uitgawes

**1. Hoeveel geld het ek oor?**

- a. Ek het R95,20 gehad. Ek spandeer R42,30. Ek verdien R36,50.
- b. Ek het R75,60 gehad. Ek spandeer R69,30. Ek verdien R44,20.
- c. Ek het R100,75 gehad. Ek spandeer R37,25. Ek verdien R46,15.
- d. Ek het R97,65 gehad. Ek spandeer R89,75. Ek verdien R43,95.
- e. Ek het R195,25 gehad. Ek spandeer R108,98. Ek verdien R58,99.

**2. Voltooi die volgende vloeiagramme. Skryf die bedrag in die gekleurde blokkie bo in die "Ek spandeer"-blokkie met dieselfde kleur in.**

R300
R200
R5 000
R2 000
R1 200
R1 300
R2 500
R2 500



### 3. Mbali ontvang een keer per maand sakgeld.

Haar ouers moedig haar aan om 'n begroting op te stel.



Ons noem die geld wat ons ontvang inkomste.



Ons noem die geld wat ons spandeer uitgawes.

Okt	Geld wat ek ontvang	Geld wat ek spandeer	Geld wat oorbly
5	Sakgeld R150,00		R150,00
8		Boek R45	R105,00
14	Ekstra werkies R25,00		R130,00
22	Verjaarsdaggeskenk R55,00		R185,00
25		Hamburger R28	R157,00
26	Ekstra werkies R25,00		R182,00
28		DVD met afslag R55,00	R127,00
29		Geskenk vir maat R65,50	R61,50

a. Wat was Mbali se inkomste op die 5de Oktober?

b. Wat was Mbali se uitgawes op die 8ste Oktober?

Hoeveel geld het sy op daardie dag oorgehad?

c. Op die 8ste Oktober het Mbali R105,00 oorgehad.

Waarom het sy op die 14de Oktober R130,00 oorgehad?

d. Op die 14de Oktober het Mbali R130,00 oorgehad. Op die 26ste Oktober het Mbali R182,00 oorgehad.

Wat het gebeur?

e. Skryf al Mbali se inkomste en uitgawes vir Oktobermaand neer.

Inkomste	Utgawes

### Begroting

Stel jou eie begroting op. Dit kan 'n werklike begroting wees of jy kan sommer een uitdink.



Tekens:

Datum:

$$\begin{array}{r} 1 \\ 2 \quad 5 \\ + \quad 1 \quad 7 \\ \hline 4 \quad 2 \end{array}$$

- Tel die ene (5 en 7) eerste op.
- Let op hoe ons die 12 (5 + 7) in 1 tien en 2 ene verdeel.
- Ons skryf dan die 1 tien bo in die tiene-kolom neer.
- Tel al die tiene bymekaar.

Eerder as om te se 'dra 1 oor' (wat ons nie help om plekwaarde te verstaan nie), sê ons liever 'skryf die tien bo in die tiene-kolom neer'.

1. Hoe vinnig kan jy die volgende met die kolommetode bereken?

a.  $73 + 19 =$

b.  $63 + 28 =$

c.  $53 + 29 =$




2. Bereken die volgende:

Voorbeeld:

$$\begin{array}{r} \phantom{5} \phantom{6} \quad 1 \quad 1 \\ 5 \quad 6 \quad 4 \quad 8 \quad 3 \\ + \phantom{5} \quad 1 \quad 2 \quad 3 \quad 9 \\ \hline 5 \quad 7 \quad 7 \quad 2 \quad 2 \end{array}$$

- Tel die ene eerste op.
- Ons verdeel 12 (3 + 9) in 1 tien en 2 ene.
- Ons skryf dan die 1 tien bo in die tiene-kolom neer.
- Tel nou die tiene op.
- Ons deel 120 (80 + 30 + 10) in 1 honderd en 2 tiene.
- Tel die honderde op.
- Tel die duisende op.
- Tel die tienduisende op.

a.  $95\,312 + 2\,346 =$

b.  $47\,264 + 1\,428 =$

c.  $45\,224 + 3\,896 =$

d.  $44\,295 + 2\,346 =$

e.  $38\,217 + 4\,196 =$

f.  $61\,389 + 5\,436 =$

**3. Bereken die volgende:**

a.  $87\,125 + 14\,997 =$

b.  $23\,238 + 57\,986 =$

c.  $23\,476 + 87\,895 =$

**4. Bereken die volgende:**

a. Bereken die som van 23 624 en 19 999.

b. Gebruik twee verskillende metodes om dié twee getalle op te tel.

**Voertuigsomme**

My pa koop 'n tweedehandse motor vir R64 540 en 'n motorfiets vir R21 350.  
Hoeveel het hy vir die twee voertuie saam betaal?



Teken: \_\_\_\_\_  
Datum: \_\_\_\_\_



# Gebruik die vertikale kolom-metode om af te trek

$$\begin{array}{r}
 5 \quad 10 \\
 \cancel{6} \quad 5 \\
 - \quad 2 \quad 7 \\
 \hline
 3 \quad 8
 \end{array}$$

- Trek die ene (5 en 7) eerste af.
- Let op hoe ons 60 in  $50 + 10$  verdeel. Ons tel dan die 10 by die 5 en dit gee 15.
- Nou kan ons die ene af trek.
- Trek die tiene af.

Let daarop dat as ons sê 'dra 1 oor' help dit ons nie om plekwaarde te verstaan nie. Sê eerder 'Ons skryf die 10 bo in die enekolom'.

1. Hoe vinnig kan jy die volgende met die kolommetode bereken?

a.  $96 - 48$

b.  $83 - 25$

c.  $94 - 46$

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld:

$$\begin{array}{r}
 2 \quad 5 \quad 7 \quad 4 \quad 6 \\
 - \quad 1 \quad 4 \quad 5 \quad 3 \quad 2 \\
 \hline
 1 \quad 1 \quad 2 \quad 1 \quad 4
 \end{array}$$

- trek die ene af
- trek die tiene af
- trek die honderde af
- trek die duisende af
- trek die tienduisende af

a.  $90\,237 - 34\,012$

b.  $59\,429 - 26\,213$

c.  $65\,515 - 23\,204$

### 3. Voltooi die volgende:

Voorbeeld:

$$\begin{array}{r}
 257 \\
 - 145 \\
 \hline
 112
 \end{array}$$

<sup>3</sup> 10  
~~4~~ 6  
<sup>3</sup> 8  
<sup>0</sup> 8

- Trek die ene af.
- Let op hoe ons die 40 in 30 + 10 verdeel. Ons tel dan die 10 by die 6; dit gee 16.
- Nou kan ons die ene aftrek.
- Trek die tiene af.
- Trek die honderde, duisende en tienduisende af.

a. 95 242 – 42 135

b. 62 363 – 21 057

c. 86 843 – 41 028

### 4. Voltooi die volgende:

Voorbeeld:

$$\begin{array}{r}
 257 \\
 - 129 \\
 \hline
 128
 \end{array}$$

<sup>4</sup> 10   <sup>3</sup> 10  
~~5~~   ~~4~~ 6  
<sup>3</sup> 8  
<sup>0</sup> 8

a. 41 483 – 10 295

b. 81 536 – 30 269

c. 52 262 – 20 178

5. Gebruik optelling om jou antwoorde in vraag 4 te toets. Jy sal ekstra papier nodig hê om hierdie aktiwiteit te voltooi.

#### Universiteitskoste

My pa betaal R36 878 vir my broer om vanjaar aan die universiteit te studeer. Volgende jaar sal die koste tot R42 000 styg. Hoeveel sal my pa volgende jaar vir my broer betaal?

Tekens:

Datum:











Kyk na die prentjie. Wat beteken voor-, sy- en bo-aansig?




1. Voltooi die tabel:

Prent	Sy-aansig	Voor-aansig	Bo-aansig

2. Benoem die volgende aansigte:



Waar staan die persoon?




Waar dink jy het die persoon gestaan toe die foto geneem is?



Teken:

Datum:


Hier is ses vlakke van 'n kubus:



Hier is drie aansigte van 'n kubus:




Kan jy aflei waar elkeen van die vlakke, in verhouding, op die kubus sal pas?



1. Voltooi die tabel deur die sy-aansig, voor-aansig en bo-aansig van die blokkies te teken.

Prent	Sy-aansig	Voor-aansig	Bo-aansig


2. Benoem die volgende aansigte:



\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_


\_\_\_\_\_



\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

Aansigte

Soek prentjies in 'n tydskrif wat die volgende aansigte wys:

Voor-aansig

Bo-aansig

Sy-aansig



Tekens:

Datum:


**Reguit sye:**



**Geboë sye:**



**Reguit en geboë sye:**




**Watter tipe sye sal die volgende vorms hê:**

- 'n Driehoek
- 'n Vierkant
- 'n Reghoek
- 'n Vyfhoek (pentagoon)
- 'n Seshoek (heksagoon)


- Drie**-hoek: Drie - 3
- Vier**-hoek: Quad - 4
- Vyf**-hoek: of Pentagoon: pent - 5
- Ses**-hoek: of Heksagoon: heks - 6
- Sewe**-hoek: of Heptagoon: hept - 7
- Agt**-hoek: of Oktagoon: okt - 8

**Voorbeelde van geslote vorms met geboë en reguit sye**


**Geboë sy**




**Reguit sy**



**1. Kleur die geslote vorms in.**




**2. Kleur slegs die vorms met reguit sye in.**




3. Dit is alles 3D-vorms. Wat is hul name en waarom het hulle dié name?


a. Sewehoeke (heptagone) omdat hulle sewe reguit sye het.




b.




c.




d.



4. Kleur al die vierhoeke in.




5. Kleur al die vyfhoeke (pentagone) in.


